Die heel beste plek is die genadeterrein van God

Teks: 2 Korinthïers 12: 1 - 10 & Sondag 10
Teksvers: 2 Korinthiërs 12: 9 - 10

1.Inleiding

Geliefdes ek is seker daar is gemengde gevoelens onder ons hier vanoggend. Dit wissel van ’n opgewonde nuwe fase in ons gemeente tot ’n bekommernis oor ons gemeente. Miskien wonder party van of ons nou lewe in die tyd dat die Gereformeerde Kerk Phalaborwa tot niet sal gaan?Dit bring ons by die vraag of God werklik kan werk deur ons swak gebroke klein kerkie? Of het God ’n groot welvarende gemeente nodig om daadwerklik iets hier op aarde te verrig.

Tog is hierdie krisis nie so nuut en uniek aan ons soos wat ons dink nie. In wêreld was daar maar altyd tye van voorspoed en van teëspoed. En omdat die kerk ook deel is van hierdie wêreld was daar in die kerk ook voorspoed en teëspoed. Daar was sterk leierfigure en ander swakker leiers met meer gebreke en tekortkominge. Ook hier in die gemeenskap van Phalaborwa en ook spesifiek in ons gemeente was dit ook die geval.

In die gemeente van Korinte was dit ook die geval. Paulus het deur harde werk die gemeente tot stand gebring. Maar Paulus was nie volmaak nie. Paulus het ’n swakheid gehad. En nou het daar baie ander leiers in die gemeente aangekom. Hulle roem op hulle eie bevoegtheid en die feit dat hulle nie hierdie swakheid van Paulus het nie. Dit is in antwoord op hierdie leiers se eieroem dat ons hierdie laaste 3 hoofstukke van die tweede brief aan die korinthiërs vind.

2. Die antwoord op ons gebed wat ons nie verwag nie

Ons teks gedeelte begin met die woorde dat daar geen sin in roem is nie. Maar omdat die gemeente so vinnig meegesleur word deur hierdie eieroem van mense, het Paulus nie ’n keuse nie. Hy moet dan maar hierdie mense leer van roem. Die eerste gedeelte van ons teks handel dan oor die man wat na die hemel was. Wanneer ons nou oor roem praat en veral eieroem is dit seker gepas. Wanneer ’n mens wil roem, veral in jouself, moet jy tog iets in jou vind wat beter is. Daar kan tog net geroem word in prestasie of iets anders wat die persoon wat roem beter maak. Wanneer ons dan na die geloofgemeenskap kyk, is gesigte en openbarings moontlik iets om in te roem. In vers 5 sê Paulus dat Hy ook oor so ’n man sal roem. Al kan hierdie man nie werklik meedeel wat Hy gesien het volgens vers 4 nie.

Ons kan ook aanneem dat Paulus self die verhewenheid van die openbarings beleef het. Maar in vers 6 en 7 maak hy dit duidelik dat dit nie dinge is waarin Hy wil roem nie. Dit waaroor Paulus wil roem kom amper as ’n skok tot ons. In ons teksvers maak Paulus dit duidelik dat hy eerder oor sy swakhede wil roem. Dit klink nie vir ons menslike manier van dink reg nie. Hoe kan iemand nou in sy swakheid wil roem.

En Paulus beskou nie hierdie swakheid as iets wat hy bereik het of verwerf het nie. Dit is nie 'n prestasie sy lewe nie. Dit is iets wat Hom pla. “'n boodskapper van die Satan wat hom met die vuis slaan”. En Paulus het drie maal ernstig tot die Here gebid. Amper net soos wat ons Here Jesus Christus drie keer gebid het dat die

lydensbeker hom moet verbygaan. Maar uiteindelik soos Jesus berus Paulus by "nie soos Ek wil nie, maar soos U wil, Here." Wanneer ons bid oor die dorings in ons vlees, moet ons ook berus by die Here se wil.

3. Die versekering wanneer ons agterkom ons is swak

Die woord swak of swakhede kom vyf keer in hierdie kort gedeelte voor. Dit is duidelik dat Paulus dit wil beklemtoon. Sy roem is in sy swakheid want dit is die Here se wil. Tog kan God met hierdie benadering maklik as ’n fatalisties gesien word, Iemand wat hom verheug in mense se swaarkry en niks daaraan doen nie. En ongelukkig moet ons bieg dat baie van ons soms in swaar tye juis hierdie siening van God het.

Maar niks kan verder van die waarheid wees nie. God is nie fatalisties nie. En Hy wil nie Sy kinders sien lei nie. Daar is baie teks gedeeltes wat hiervan getuig, soos Romeine 8:28:"[28]Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.”

God spaar selfs nie Sy eniggebore seun in die proses om ons te red van die ewige dood nie. En om te dink dat Hy Paulus net so in sy swakheid los, is ook om maar net die helfte van die teks te lees. Want God sê “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is”. Die Here laat die Paulus se roeping kelder deur hierdie doring in sy vlees nie. Nee die Here gebruik eerder hierdie menslike swakheid om Sy krag en almag te bewys. Die Here laat Sy wil geskied ondanks ons as mense se swakhede.

Tog moet ons nie God sien as iemand wat net die gapings kom invul nie. Nee, want ons moet eintlik in skaamte erken dat selfs ons beste pogings in die lewe maar swak en onvolmaak is. En dat al ons eie poging in elk geval uit die gawes kom waarmee God ons seën. Maar God se genade is groot genoeg dat my eie onvermoë nooit ’n verskoning is om nie aan my roeping gehoor te gee nie.

4. Die voordeel vir die kerk in swak mense

Maar as God dan in beheer van alles is, kan Hy dan nie maar die beste mense in die kerk sit en vir ons uit los nie? Kan God nie soveel meer bereik met begaafde mense as met ons swak mense nie? Dit is ook die vrae wat baie van ons al gevra het. Tog is die probleem met eieroem dat ’n persoon vol van homself word. Alles wat hy doen en sê word later net met die doel gedoen om sy eie roem te bevorder. En dit het ’n baie negatiewe effek wanneer dit by kerk- en geestelike groei kom. Want hierdie hoogmoed is dikwels ’n afskrik middel vir ongelowiges en selfs gelowiges. Hulle voel maklik, maar my geloof sal darem nooit wees wat daardie persoon se geloof wees nie, hoekom moet ek nog probeer. Is daar werklik ’n plek in die koningryk van die Here vir ’n swakeling soos ek?

En juis daarom is daar ’n voordeel in swak mense in die kerk. Want as ek niks het om in myself op te roem nie. Dan kan ek nie anders as om in die Here te roem nie. As ek in my swakheid nie die krediet kan vat vir die dinge wat goed en reg verloop nie, dan is die makliker om die krediet aan die Here te gee.

Dit is dus duidelik dat ons eie eer en roem dikwels in die plek van God se eer en roem staan. En daarom roem Paulus in sy swakhede, want hy weet dat dit juis sy swakhede is wat hom werklik diensbaar vir die Here se koninkryk maak. Dat omdat hy swak is, kan die mense nie die lof en eer vir die werk aan hom gee nie. Hulle moet duidelik die hand van God daarin raaksien. Daarom roep ons saam met Johannes die doper in Johannes 3:30 uit: "Hy moet meer word en ek minder.”

5. Slot

Ons het aan die begin van die preek die belangrike vraag gevra, oor die toekoms

van ons gemeente. En die woord van die Here het weer aan ons openbaar wat sy wil is. God sien mense anders as die samelewing aan. Daar is by God soveel meer potensiaal in ’n mens as die gawes of hulpbronne tot sy beskikking. God is die Here wat verhef is bo ons aardse probleme. Dit is ook dieselfde met die gemeente. God kan hierdie klein swak gemeente gebruik om werklik ’n verskil in die samelewing te maak.

En wanneer hierdie klein gemeente gebruik word, kan die samelewing nie anders as om die eer en lof aan God die Vader in die hemel te gee nie. Tog bly ons mens en van ons grootste vyande praat hard. Ons as mense glo maklik die leuens van die Satan, dat ons tog nie goed genoeg of in staat is om iets te doen in die koninkryk van God nie. In plaas daarvan om die Satan te antwoord dat ons weet ons het sonde, maar ons weet ook dat ons ’n verlosser het. En dat die bloed van Jesus Christus genoeg is om al ons sondes skoon te was.

Wanneer ons uit hierdie gesindheid leef, dan is die fokus skielik nie meer op my self nie, maar op God die hemelse Vader. Dan sien ek ook nie my medemens aan met eie veroordelende oog nie. Maar ek sien my medemens aan met die liefdevolle genadige oë van God. Dan soek ek nie my eie voordeel in dit wat ek vir my medemens doen nie. Nee, dan soek ek in alles die eer en verheerliking van God.

En dan besef ek dat die Krag van die Here juis tot volle werking kom wanneer ons swak is. Daarom lê die krag van die kerk juis in sy afhanklikheid van sy enigste hoof en leier Jesus Christus.

Amen